

Publication: Beeld,Saturday (Sport)
Publication Date: 17 Mar 2018
Page: 37

AVE: 29700.00
Circulation: 36105
Part: 1 of 1

# Orazio maak dit nr. 7

## Chris ook weer baas

**Wim Pretorius**



**Orazio Cremona is die sewende agtereenvolgende jaar as die SA kampioen in die gewigstoot gekroon by Tuks se L.C. de Villiers-stadion in Pretoria.** Foto: FRANS LOMBARD

**Onder: Caster Semenya** Foto: GALLO IMAGES

Terwyl al die aandag gister op die rekordbreker Clarence Munyai was, het die hamergooier Chris Harmse stil-stil die wêreldrekord agter sy naam verleng.

Harmse het by die Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe by Tuks se L.C. de Villiers-stadion sy 23ste agtereenvolgende nasionale titel verower, met 'n afstand van 70.69 m. Niemand anders ter wêreld is al soveel keer as 'n nasionale kampioen gekroon nie.

Harmse, wat vir Vrystaat deelneem, was sedert 1996 op elke nasionale byeenkoms op die boonste trap van die podium.

Noordwes se Tshepang Makhethe was tweede met 69.01 m.

"Ek breek al hierdie vreemde rekords," het Harmse geskerts ná sy sege.

Baie mense sal waarskynlik glo die 44-jarige Harmse moet nou begin dink aan aftrede, maar hy dink anders oor die saak.

"Ek wil aan die ouer generasie wys dat die lewe nie afdraande is die oomblik wanneer jy 40 slaan nie. Ek kan hulle motiveer en sal graag ook eerder my titel met 'n nederlaag wil afstaan as wat ek nie deelneem nie."

Die naelloper Carina Horn is as die 100 m-kampioen gekroon nadat sy die eindronde in 'n blitsige 11.08 sek. gewen het. Sy het Donderdag in die halfeindronde 'n nuwe SA rekord van 11.03 opgestel.

In die manswedloop het Simon Magakwe gewen in 10.07 s.

Vir Orazio Cremona was dit ook 'n dag om te onthou. Hy is die sewende agtereenvolgende keer as die SA kampioen in die gewigstoot gekroon.

Cremona, wat aanvanklik op omstrede wys uit die span vir die Statebondspele in Australië weggelaat is, het met 'n afstand van 20.71 m gewen. Dit was die vierde beste afstand van sy loopbaan.

"Verlede jaar was die teenstanders beter, maar as ek ingedagte hou wat alles in die aanloop tot vanjaar se byeenkoms gebeur het, dan beteken dit net vir my meer, veral met my gesin wat my deur alles ondersteun het," het Cremona gesê.

Caster Semenya het die vinnigste tyd in die 800 m-uitdunne, 1:58.92, aangeteken en die 1 500 m titel in 4:10.68 gewen.

Antonio Alkana het sy vierde nasionale titel gewen in die 110 m-hekkies nadat hy goud verower het in 13.48 sek.



This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.